Nuusbrief - Noordelike Sinode

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Francois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

9 Maart 2018
Nr 8/2018

Warm nuus!

Voertuig- en vervoertoelae vir predikante - 2019 Tabel

Die *Algemene Taakspan vir Predikantesake* (ATP) het die **gewysigde inligting** met betrekking tot die vervoertoelae vir predikante deurgegee. [Lees die volledige besonderhede hier...]

Kennisgewing: Die dokument is ook op 5 Maart 2018 per epos aan elke gemeentekantoor gestuur.

Die NG Kerk en grondhervorming

Gustav Claassen (Algemene Sekretaris Ned Geref Kerk) skryf die volgende:

"*Groete vir jou vanuit die kantoor van die Algemene Sekretaris. Ek hoop dit gaan goed en dat jy die goedheid en sorg van ons hemelse Vader op 'n wonderlike manier ervaar.*

Hierdie brief gaan oor die posisie van die NG Kerk ten opsigte van die grondkwessie. Dit is 'n saak waaroor die NG Kerk al lank dink en reeds standpunte geformuleer het.

Waarskynlik sal jy die een of ander tyd met die vraag oor die kerk se posisie gekonfronteer word. Hierdie brief wil jou daarmee help. Geseënde Lydenstyd." **[**Kliek hier vir die brief oor die NG Kerk en grondhervorming.**]**

#IMAGINE nuwe fees in die Noorde!

Registrasies vir hierdie jaar se #imagine jeugfeeste het oopgemaak. Hierdie jaar word daar 'n nuwe fees by **Zwartkloof**, Bela-Bela gehou – dis lekker naby vir almal in die Noorde. Die laaste naweek in die skoolvakansie, van ***6-8 April 2018*** hoop ons om 2500 tieners van regoor die noorde van die land bymekaar te kry om ons identiteit in Christus te vier en ons geroepenheid in ons gemeenskappe te bevestig. #Imagine is 'n wonderlike kans om tieners bloot te stel aan die groter kerk en hulle te inspireer om 'n verskil in hierdie land te maak.

- **Individuele kaartjies en groepsbesprekingsvorms** is beskikbaar by itickets.co.za, of info@imaginemovement.co.za
- **Vir navrae**, kontak gerus vir *Fouché de Wet*, NG Stellastraat, 073 234 0156, fouche@stellastraat.co.za

Sinodale nuus

Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
** ***13 Maart 2018*: **Skriflesing**: Joh 12:20-33
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Skoliekamp: 2-8 April 2018: Graad 11 & 12

Sinodes Noord en Oos vat hande: *Die kampbestuur het saam met Oostelike sinode se kampbestuur besluit om hierdie jaar **'n gesamentlike kamp** saam met hulle op hulle terrein **Kruisrivier** te hou. Van ons hoofspan gaan ook daar by hulle bestuur deelneem. Hier is die inligting sodat jy kan inskryf as personeellid of Skolie.*

- **Vir inligting oor die kamp** en die **kampterrein**, besoek: Skolliekamp 2018 Mpumalanga / Gauteng en Kruisrivier Kampterrein.

Kennisgewing: Volledige inligting asook die inskrywingsvorm is verlede Vrydag aan elke gemeente in ons sinodale streek geepos.

❖ Harmoniepark

Harmoniehof Ouetehuis: 'n Tuiste vir bejaardes wat veilig, gesellig, bekostigbaar en naby groot hospitale en inkopiesentrums is.

- **Huisvesting** in die *Selfsorg*, *semi-sorg* en *volle versorging* afdelings is beskikbaar.
- **Vakansiesorg vir bejaardes** word ook aangebied.

Navrae: Skakel 012-440 3357 of besoek www.harmoniepark.co.za.

Harmonie Oord het tans **twee dubbel- en twee enkel self-sorg kamers** beskikbaar vir SASSA bejaardes! Twee etes per dag word verskaf.
Navrae: Skakel 012-440 3137 of stuur 'n epos na adminho@harmoniepark.co.za.

❖ Badseloop Gedenkblad

Kliek hier om te lees hoe jy as oud-Badseloper met die groot projek kan help...

Kolleganuus

❖ In die hospitaal

Otto Clasen [Warmbad] was onlangs in die hospitaal.

❖ Beroep

Johan (JA) Burger (beroepbaar) is na Wonderboom-Suid beroep.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

14/03 Piet J van Vuuren [Harare, 00263 712 412 821, vanvuurenpiet@gmail.com]
15/03 Rian Steyn [SA Gemeente, 0044 772 589 4210, rian@sagemeente.com]
16/03 George Beetge [Derdepoort, 083 260 1470, kinggeorge@mweb.co.za]
Flip du Toit [Emeritus, 082 781 7076, fliptoit@gmail.com]
17/03 Daniël de Vos [Sesmylspruit, 082 898 2243, dan.devos1@gmail.com]
Pieter Berrangé [Monumentpark-Wes, 082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]

****

12/03 Annemarie Carelsen [Florauna, 082 460 0646, carelsen@ngkflorauna.co.za]
13/03 Johann Meylahn [Universiteitsoord, 012-460 9526, rmeylahn@lantic.net]
14/03 Annelie Schmidt [Nylstroom-Oos, 014-717 1119, ewald@ngoos.co.za]
16/03 Johanette Pretorius [Naboomspruit, 014-743 3188, loupret@telkomsa.net]

Gemeente nuus

❖ **Overkruin**: **Inligtingseminaar** – ***"My aftrede – my nuwe dag"***
Datum: ***17 Maart 2018*** om 09:00
Toegang: Gratis! ['n Kontantdonasie sal verwelkom word om kostes te dek] – Die boek "Rewire your Retirement" sal teen 'n spesiale prys van R200.00 te koop wees.
Program:
09:00-09:15 Opening en verwelkoming
09:15-10:00 Emosionele slaggate én opwinding van aftrede - *Dr Petrus Moolman* [(PhD) – Gerontologiese Pastoraat]
10-00-10:45 Slyp jou brein – Aletia Nortjé [MA Sielkunde]
10:45-11:15 Tee en verversings
11:15-11:50 "Retire? Rather rewire" – Ontdek jou vermoë en moontlikhede in aftrede - Aletia Nortjé [MA Sielkunde]
11:50-12:00 Bedankings en afsluiting

❖ **Waterkloof**: **Sewe Sterwende Stemme**
Die Sewe Laaste Woorde van ons Verlosser aan die Kruis" – Franz Josef Haydn
`n Keur prosa uit die fiksie *van Karel Schoeman*
Strykkwartet *Evolution of 4*: Johanna Roos en Ané van Staden (viole), Valery Andreev (altviool) en Jessica Bailey (tjello); Cas Wepener – Leser
Datum: ***25 Maart 2018*** [16:00]
Kaartjies: R100 p/p [kaartjies is by die deur te koop]
Adres: Deystraat, Waterkloof

Ander nuus

❖ **Excelsus kursusse**
A two-day symposium: with renowned Preacher and Homiletician **prof Tom Long**
Theme: Preaching from Memory to Hope
When: ***19 & 20 March 2018*** [09:00-16:00]
Where: NG Stellastraat
Cost: R 480-00 (inclusive of lunch and refreshments)
➢ **Voltooi asseblief** die **inskrywingsvorm** en stuur na excelsus@up.ac.za: Kliek hier

****

Sertifikaatkursus Bedieningsvernuwing
Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie en Religie by UP) in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch bied die kursus aan.
Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf **180 VBO-punte** (dws 60 punte per jaar). [Lees hier verder...]

****

Ethics symposium on Gender and Sexual diversity
24 Maart 2018
3 VBO - punte word vir bywoning toegeken.
Vir meer inligting en inskrywings lees hier verder...

❖ **New Beginnings Mediation: Werkswinkels**
Conflict and the drama triangles – understanding conflict through the lens of drama triangles.
Anybody is welcome!
When: ***16-17 March 2018*** [13:00 on Friday – 13:00 on Saturday]
Where: Greymont Church [24 Second Road, Johannesburg, next to Alberts Farm]
Cost: R1 200.00 per person
- Pastors from the NG Church will receive **7 VBO** points.

Contact: Leon Forsman at 081 706 0404

****

Parental Alienation Workshop - Parental Alienation is when one parent alienates the children from the other parent to such an degree that the children are negative about the parent that is alienated.
When: ***23 March 2018*** [8:30 to 14:30]
Where: 56 Gladiator street, Rhodesfield, Kemptonpark
Contact: Leon Forsman 081 706 0404 or Nothando Munjomo 011 975 8220 for môre details
Costs: Tutela personel free. All other participants R400 per person

- **HospiVision: CPD Course - Ethics in Practice: Staying Ethically Awake with Good Record Keeping of our Client's Story**
  Date: ***21 April 2018*** in Pretoria
  Where*: DR Lynnwood Church, 439 Sussex lane, Lynnwood**: registration 9.00. Workshop 9.30 – 12.45 (15 min coffee break in between).*
  Theme: Ethics in Practice: Staying Ethically Awake with Good Record Keeping of our Client's Story - *Presented by Janine Kendall (Counseling Psychologist: Senior Lecturer at Pearson Institute)*
  Costs: R800. 3 Ethics CPD points pending (HPCSA: Medical and psychology (6 ethics points); SACSSP; SAAP/CSPC; DRC Ministers).
  Contact June Kriel if you need to clarify any information. Tel 012 329 9492. / Email friend@hospivision.org.za

- **Nuusbriewe**
  - **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]
  - **CLF-nuus: Publikasie: The Cover up**
    Iets wat Nolwazi baie goed ken, is om dinge weg te steek. Vandaar die naam van haar eerste boek, *The cover-up.* "Ek Nolwazi se boek, *The cover-up* is beskikbaar by CLF teen R140. Nolwazi se openhartige weergawe van haar reis en stryd om "uitverkoop aan Christus" te word, is nie altyd maklik om te lees nie. Sy het deur die donker van die lewe op haar reis na verlossing gegaan, maar nou is sy getuie dat God nie sy rug op sondaars draai nie. Sy wil die liefde wat sy van haar Verlosser kry, met ander deel – en so ook hoop aan almal gee wat daagliks met sonde worstel. Nolwazi se maklike manier van skryf en haar komiese vooruitsig op sommige van die nie so komiese dinge nie, maak hierdie boek 'n juweel!
    Kontak CLF by +2721 873 6964, epos info@clf.co.za of besoek ons webwerf www.clf.co.za

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Nuwe beheerliggame by skole.**
- **Plekke waar dit steeds baie droog is.**
- **Lydenstyd.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- **UP Fakulteit Teologie: Gelegitimeerde proponente 2017**
  - ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  - ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  - ***Willie Griesel*** [083 491 0657, wjgriesel@gmail.com]
  - ***Johan Koen*** [082 393 2944, koenj@yahoo.com]
  - ***Henk Kotzé*** [083 479 9411, hskotze@yahoo.com]
  - ***Christian Oberholzer*** [082 349 7317, Lnet@telkomsa.net]
  - ***Marius Schoombie*** [083 635 1523, mariusschoombie@gmail.com]
  - ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]
  - ***Adelle van Rhyn*** [082 881 9788, dellatjie777@gmail.com]
  - ***Francois van Tonder*** [073 179 0017, francoisv3@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
  Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*

- **Vakatures in Kerkbode geadverteer**
  Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

Ten slotte

Terug

BYLAES

Voertuig- en vervoertoelae vir predikante 2019 Tabel

Beste Skriba/Gemeentebestuurder/Saakgelastigde/DVK voorsitter

Die **aangehegte**, gewysigde inligting m.b.t. die vervoertoelae vir predikante is ontvang van die Algemene Taakspan vir Predikantesake (ATP). U sal merk dat die **beraamde** vervoertoelae uit die ATP se eerste brief R109 088 beloop het, terwyl die finale SAID syfers ‘n toelae van R102 413 as riglyn gee.
In die aanvanklike skrywe is gemeld dat die syfer ‘n beraamde syfer is en dat die finale riglyn-syfer sal volg. (Geriefshalwe ‘n aanhaling van die ATP se reëling direk onder).

4.3 SAID se tabel

Die voertuig- en vervoertoelae word bereken volgens die SAID se tabel. Die tabel word egter eers ná die begrotingsrede in Februarie gepubliseer. Die ATP het in die verlede dus die vorige jaar se tabel as riglyn gebruik. Die ideaal is egter, om ooglopende redes, dat die voertuig- en vervoertoelae direk gekoppel sal wees aan die SAID se tabel vir die betrokke finansiële jaar.

Die ATP het vanjaar (2017/2018) nog die SAID se tabel vir die vorige finansiële jaar (2016/2017) as riglyn deurgegee (R94 334 per jaar op 18 000 km). Die ATP beveel aan dat kerkvergaderings, vanaf 1 Maart 2018, die SAID se tabel vir die betrokke jaar (dus 2018/2019) sal gebruik. Dit beteken dat die reistoelaag 'n eenmalige regstelling sal bevat.

Die ATP onderneem om die korrekte tabel so spoedig moontlik na publikasie (laat in Februarie 2018) aan kerkvergaderings deur te gee. Dit word egter ook wyd in nuusblaaie en op die SAID se webblad gepubliseer. Vir begrotingsdoeleindes kan kerkvergaderings werk met vanjaar se tabel (2017/2018) en 7,5% byvoeg (voertuig- en vervoerkoste styg met meer as die gemiddelde inflasie). Werknemers moet egter in gedagte hou dat die werklike voertuig- en vervoertoelae verhoging deur die SAID bepaal sal word.

Dankie dat u die nodige aandag aan die saak gee en dit by die betrokke funksionarisse besorg.

****

Omsendbrief aan Predikante en Skribas

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk
ALGEMENE TAAKSPAN PREDIKANTESAKE (ATP)
In oorleg met
ALGEMENE TAAKSPAN FONDSE EN BATES (ATFB)

28 Februarie 2018

OMSENDBRIEF AAN PREDIKANTE EN SKRIBAS VOERTUIG- EN VERVOERTOELAE – 2019 SE TABEL

Sinodes word verwys na die volgende paragrawe in die Omsendskrywe insake die Vergoeding van leraars:

4.3 SAID se tabel

Die voertuig- en vervoertoelae word bereken volgens die SAID se tabel. Die tabel word egter eers ná die begrotingsrede in Februarie gepubliseer. Die ASP het in die verlede dus die vorige jaar se tabel as riglyn gebruik. Die ideaal is egter, om ooglopende redes, dat die voertuig- en vervoertoelae direk gekoppel sal wees aan die SAID se tabel vir die betrokke finansiële jaar.

Die ATP het vanjaar (2017/2018) nog die SAID se tabel vir die vorige finansiële jaar (2016/2017) as riglyn deurgegee (R94 334 per jaar op 18 000 km). Die ATP beveel aan dat kerkvergaderings, vanaf 1 Maart 2018, die SAID se tabel vir die betrokke jaar (dus 2018/2019) sal gebruik. Dit beteken dat die reistoelaag 'n eenmalige regstelling sal bevat.

Die ATP onderneem om die korrekte tabel so spoedig moontlik na publikasie (laat in Februarie 2018) aan kerkvergaderings deur te gee. Dit word egter ook wyd in nuusblaaie en op die SAID se webblad gepubliseer. Vir **begrotingsdoeleindes** kan kerkvergaderings werk met vanjaar se tabel (2017/2018) en 7,5% byvoeg (voertuig- en vervoerkoste styg met meer as die gemiddelde inflasie). Werknemers moet egter in gedagte hou dat die werklike voertuig- en vervoertoelae verhoging deur die SAID bepaal sal word.

Na die begrotingsrede is die volgende tabelle beskikbaar en kerkrade word versoek om dit in ag te neem wanneer reistoelaes vir die nuwe finansiële jaar (2018-2019) bereken word:

	2017 (01/03/2016-28/02/2017)	2018 (01/03/2017-28/02/2018)	2019 (01/03/2018-28/02/2019)
Waarde van voertuig: tussen	160 000 en 240 000	170 000 en 255 000	170 001 en 255 000
Brandstofkoste (in sent)	100,0	110,6	116,0
Onderhoudskoste (in sent)	42,5	45,4	47,5
Loopkoste per kilometer (in sent)	**142,50**	**156,00**	**163,50**
Loopkoste op **18 000 km** (in Rand)	25 650	28 080	29 430
Jaarlikse vaste koste betaalbaar	68 684	73 427	72 983
Motortoelaag op 18 000 km	94 334	101 507	102 413
Motortoelaag per maand	7 861	8 459	8 535

Die aanbeveling vir leraars wat reistoelae ontvang is dus R 102 413 per jaar.

Dewyk Ungerer

Bestuurder Algemene Taakspan Predikantesake (ATP)

Algemene Sinode

PRETORIA

Terug

Die NG Kerk en grondhervorming

Inleidend

Die onderwerp van die aarde en die wyse waarop dit as grondgebied bewoon, bewerk en bewaar word deur die nasies, is ’n sentrale tema in die Bybel. Talle verhale in die Ou Testament word oor die belofte en besit van ’n spesifieke grondgebied vertel. Baie keer ook uit die hoek van die verlies daarvan weens politieke, sosiale en geestelike oorwegings. So wentel die oerverhale rondom die vervulling van die opdrag aan die nasies om te vermeerder en die aarde te vul. Die aartsvader verhale sit dié tema voort met die wyse waarop God vir Hom ’n volk uitkies en ’n eie grondgebied belowe. Die vroeë profete vertel van die vervulling van daardie belofte in die tyd van Josua. Die latere profetiese literatuur vertel weer van die verlies van daardie grondgebied aan die hand van hulle gebrek aan ’n Godvererende geestelike, sosiale en maatskaplike bewussyn. Hoekom? Want, die Here word regdeur beskryf as die eintlike Eienaar van die beloofde land (Levitikus 25), trouens van die hele aarde. Elke stukkie grond van die land word daarom aan die volk gegee nie as eienaars nie, maar as rentmeesters daarvan. God kan daarom ook reg en geregtigheid eis ten opsigte van die benutting van die land. Wanneer land op onbillike wyse van enigiemand weggeneem is, veral van armes, weduwees en vreemdelinge, eis God dat reg en geregtigheid sal geskied met verskillende maniere waarop restitusie gedoen kon word. Hierdie regstelling word beskryf as die sjalom wat God bring, met die inspirerende beeld van mense wat elkeen rustig en ongestoord onder sy eie wingerd en vyeboom sit. Die saak van land/grond, die verblyf daarop en die benutting daarvan was daarom nog altyd ’n belangrik saak vir die NG Kerk en ander godsdienstige gemeenskappe.

Die NG Kerk se posisie ten opsigte van Grondhervorming

Die NG Kerk het tydens sy Algemene Sinode van 2002 reeds ’n amptelike standpunt ingeneem oor die saak van grondhervorming: “Grondhervorming moet positief aangepak word as noodsaaklike en integrale deel van die nasionale versoeningsproses. Die situasie in die land vereis dat daar nie volstaan kan word met ’n blote erkenning dat daar in die verlede wat grondbesit betref teen anderskleuriges gediskrimineer is nie. Die onreg van die verlede moet op ’n manier reggestel word.” Grondhervorming vanuit ’n Christelike oortuiging is geregverdig en noodsaaklik. Die aktuele saak vir die NG Kerk was nog nooit net die verdienstelikheid van grondhervorming nie, maar ook die doeltreffende en die billike uitvoering daarvan. Die geskiedenis van grondbesit in Suid Afrika en die wyse waarop die herverdeling daarvan aangepak word, het ’n eties morele kant, waaroor die kerk, soos oor ander sake, sy profetiese stem wil laat hoor.

Die NG Kerk aanvaar dit as uitgangspunt dat grondhervorming, in ’n Suid Afrikanse konteks, vanuit ’n Christelike oortuiging regverdig en noodsaaklik is. Die kerk het haar bereid verklaar om ’n verantwoordbare proses, wat reg en geregtigheid teenoor almal laat geskied, te ondersteun en te help bevorder. By meer as een geleentheid het die Kerk

haarself verbind om haar lidmate op ’n positiewe manier in die verband te begelei en te ondersteun. Ekonomiese stabiliteit is ’n voorvereiste vir vrede, versoening en voorspoed in ons land. Hiervoor is ’n nuwe geslag suksesvolle kommersiele boere, swart en wit boere, nodig om aan die ekonomie ’n sterk onderbou te gee en voedselsekuriteit te waarborg.

Die proses te opsigte van grondhervorming tot nou.

Vanwee die nalatenskap van die koloniale en apartheidsera en diskriminerende wetgewing wat daarmee gepaardgegaan het, is grondbesit in Suid Afrika skeefgetrek. In die African National Congress (ANC) se 1994 verkiesingsmanifes (die Heropbou en Ontwikkelingsprogram – HOP) is onderneem dat grondhervorming ’n prioriteit in die post-apartheids bedeling sou wees. Klem sou geplaas word op die verdeling van grond aan individue en gemeenskappe wat ingevolge apartheidswetgewing grond verloor het, of die geleentheid ontsê is om grondeienaars te wees. Die doelwit was dat grondhervorming die wanbalanse in grondeienaarskap, verblyfreg, en vlakke van onderontwikkeling in Suid-Afrika, moes regstel. Grondhervorming is sedert 1994 beskou as een van die hoekstene van die transformasieproses. Enersyds is die oogmerk van die huidige grondhervormingsbeleid om ’n situasie van volhoubare ontwikkeling te vestig. Andersyds het die beleid ten doel om die nalatenskap van apartheid te neutraliseer. Die grondwet verwys in die aanhef na die doelwit om die ongeregtighede van die verlede reg te stel, diskriminasie uit te skakel en die lewenskwaliteit van alle landsburgers te verbeter. In afdeling 24 van die grondwet gaan dit spesifiek oor grondhervorming. Artikel 25(2) van die Grondwet maak tans voorsiening vir die volgende bepalings waarvolgens die regering grond kan onteien:

• Enige vorm van onteiening moet in die openbare belang wees; en
• Onteiening moet gepaardgaan met ’n billike vergoeding aan diegene wat daardeur geaffekteer word.

Die grondhervormingsproses verloop egter nie na verwagting nie. Op 21 November 2017 het voormalige president Kgalema Motlanthe in sy verslag *The Parliamentary High Level Panel on the Assessment of Key Legislation and the Acceleration of Fundamental Change* (the High Level Panel) verskeie redes aangedui vir die stadige vordering met grondhervorming sedert 1994. Die verslag het die effektiwiteit van wetgewing beoordeel om armoede, ongelykheid, werkloosheid en grondhervorming aan te spreek.

Die grondhervormingsproses verloop nie na wense nie as gevolg van die onvermoë, stadige pas, korrupsie en wanadministrasie van amptenare in betrokke staatsdepartmente. Verskeie bevoordeeldes uit grondhervorming en restitusie-aksies het nie private eiendomsreg daarop bekom nie. Nuwe eienaars word derhalwe weerhou van die verkryging van banklenings vir landbouproduksie omdat hulle geen vaste eiendom as kollateraal kan aanbied nie. Die staat se keuse om privaatgrond in trust te hou en nie in privaatbesit te plaas nie, impakteer ook op die waarde van grond. Alhoewel daar talle suksesverhale is, daar groot kommer waar die oordrag van produktiewe landbougrond tot boerdery-mislukkings en die verlies van werkgeleenthede en voedselsekuriteit gelei het.

Hoe meer die staat misluk hoe meer word drastiese wetgewing en ander maatreels uit regeringsgeledere geïnisieer. Dit lei ook tot toenemende populisme. Die rol wat onteiening sonder vergoeding gespeel het sedert die ANC-konferensie van 2017 asook die nuutste aksie van die EFF en die ANC is voorbeelde hiervan. Die EFF het op 27 Februarie 2018, met die hulp van die ANC, suksesvol gedebbatteer dat artikel 25 van die Grondwet ondersoek moet word ten einde die onteiening van grond sonder vergoeding moontlik te maak. Populistiese aksies en uitsprake lei tot hoë verwagtings van landloses aan die een kant en ’n geweldige onsekerheid van landbesitters aan die ander kant. In plaas van om in diens te wees van ’n nasionale versoeningsproses lei die grondhervormingsproses tot die vergroting van nasionale spanning en die verhoging van polarisasie en rassisme.

Die NG Kerk onderneem:

- Om vol te hou om sy profetiese verantwoordelikheid na te kom en sy stem rondom sake van sosiale en ekonomiese geregtigheid te laat hoor. Die meerderheid van mense wat op plase woon, is lidmate van ons kerkfamilie.
- Om op soveel as moontlik vlakke versoening en sinvolle oplossings te bemiddel. Dit sluit gesprek met landbou-organisasies, regeringstrukture en ander belanghebbende partye in.
- Om ’n moreel-etiese beoordeling te doen oor die implikasies van onteiening sonder vergoeding en wat die impak daarvan is oor die hele sosio-ekonomiese spektrum.
- Om met ekumeniese vennote en die NG Kerkfamilie dringend die saak van grondhervorming met die Nasionale Regering op te neem aan die hand van ‘n voorlegging teen Augustus 2018.
- Te help bou aan ’n gunstige klimaat waarbinne gesprekke en onderhandelings kan plaasvind.
- Om betrokke te wees by die pastorale begeleiding van individue wat onsekerheid beleef as gevolg van grondeise.
- Om onvermoeid voorbidding te doen vir die saak van grondhervorming.

Die NG Kerk beywer haar vir die volgende:

- Die praktiese toepassing van die grondhervormingsproses. Dit moet billik en ordelik geskied met die minste ontwrigting van kommersiële landbou.

- Die voedselsekuriteit van ons land, as 'n voorvereiste vir vrede, stabiliteit en voorspoed. Dit moet nie gekompromiteer word nie. Suid Afrika is tans die enigste land in Afrika met voedselsekuriteit en dit moet ten alle koste gehandhaaf word.
- Die voorkoming van armoede. Aangesien 50% van Suid Afrika se bevolking blootgestel is aan 'n destruktiewe armoedekultuur moet werksgeleenthede van bykans 'n miljoen plaaswerkers, met nagenoeg 6 miljoen afhanklikes, nie deur die kompromittering van kommersiële boerdery vergroot word nie.
- Die reg tot die privaat besit van eiendom moet te alle tye beskerm word. Andersins kan dit lei tot ineenstorting van die bankwese en die ekonomie in die geheel. Privaat eiendomsreg is die grondslag van enige suksesvolle ekonomie. Die geslaagde mosie van die EFF raak nie net landbougrond nie, dit raak ook privaat eiendomsreg.
- Die spoedige hantering van 'n geloofwaardige grondoudit deur die regering. Aanames word tans, as deel van argumente ten gunste van onteiening sonder vergoeding, op verkeerde statistiek gedoen.

Terug

Badseloop Gedenkblad

Twee rolspelers in die ryke geskiedenis van Badseloop Jeugkampterrein sal vir altyd uitstaan - ds Norval Geldenhuys en oom Vick van Zyl.

Die tyd het nou ryp geword om die geskiedenis van die afgelope sowat 75 jaar, en die reuse invloed wat van daar af uitgekring het, op skrif te stel!

U hulp word ingeroep om hierdie kennisgewing so wyd as moontlik bekend te maak!

Ons benodig onder meer:

❶ *Getuienisse en foto's* (1-4 MB) van lewensbelangrike keuses en verhoudinge wat aldaar sy grondslag gevind het;
❷ *Brokkies geskiedenis* wat vir die koninkryk, kerk en nageslag in herinnering geroep en bewaar moet word;
❸ *Staaltjies* van gebeure wat daar plaasgevind het, en ter wille van inspirasie deur ander gelees moet word;
❹ *Donasies* - die Bestuurskomitee én Beheerraad versoek dat inbetaling per internet soos volg sal geskied:

Badseloop Jeugkampterrein; ABSA; lopende rekening: 10-8014-1862; takkode: 632 005
Donasies van *individue* moet asb. die volgende verwysing vermeld: BGB; gevolg deur u van, naam/voorletter(s);
Donasies van *instansies* moet asb. die volgende verwysing vermeld: BGB; gevolg deur naam van gemeente, (bv).
Bydraes, navrae, wenke of aanbieding van hulp (vir oorweging deur die loodskomitee) moet asb. gerig word aan:
dr. Willus Knipe; e-posadres: willus.knipe@gmail.com; sel nr: 082 447 1297

Terug

Excelsus - Simposium: Tom Long

19-20 Maart 2018

Dr. Thomas Grier Long is the Bandy Professor of Preaching at Candler School of Theology at Emory University in Atlanta, Georgia. He received his Ph.D. from Princeton Theological Seminary in 1980. He began his career as a preacher at McElroy Memorial Associate Reformed Presbyterian Church near Atlanta, Georgia and since that time has taught at a number of seminaries, including Erskine, Columbia, Princeton, and Candler.

In 1996, Dr. Long was named one of the twelve most effective preachers in the English speaking world by Baylor University, along with the likes of Fred Craddock, Billy Graham, James Forbes, Barbara Brown Taylor and William Willimon. He was ordained in the Associate Reformed Presbyterian Church and currently a minister in the Presbyterian Church (U.S.A.). He is married to professor of sacramental and liturgical worship Kimberly Bracken Long.

Dr. Long's field is in Homiletics and is a strong proponent of the two pillars of preaching: strong exegetical work held alongside with strong presentation skills. Preaching magazine named his Witness of Preaching one of the 25 most influential books on preaching in the past 25 years.[1] A standard textbook in seminary and undergraduate preaching courses, the book advocates exegetical method seeking to discern a claim from the text to provide clarity of focus and function in sermons.

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM		
Persoonlike inligting	**Naam**	
	Van	
	Instelling of gemeente	
	E-pos	
	Kontaknommer (Selfoon)	

Registrasie	Fooi	**R480,00 per persoon**
	Kursus	**Simposium: Tom Long**
	Kursusdatum	**19-20 Maart 2018 (09:00 – 16:00)**
	Plek van aanbieding	**NG Kerk Suidoos-Pretoria, (Stellastraat)**
	Sluitingsdatum	**14 Maart 2018**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)
Bankbesonderhede vir elektroniese betalings: Bank: ABSA Naam van rekening: TSO Rekeningnommer: 142 0830 463 Takkode: 632005 Tak: PRETORIA		

Terug

Excelsus Sertifikaat in Bedieningsvernuwing
Uitnodiging om vir 2018 in te skryf

Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie en Religie by UP) het in 2014 in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n **Sertifikaatkursus Bedieningsvernuwing** geloods.

Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante te help om op 'n dieper en meer grondige vlak geheroriënteer te word ten opsigte van hulle bediening.

Die kursus word in die formaat van nege blokke (van 3 dae elk) oor die loop van drie jaar aangebied. (Sien aangehegte bekendstellingspamflet). Persone wat inskryf, verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon 3 kontaksessies per jaar by.

Ons probeer die koste so laag as moontlik hou en vra R 875-00 per module (wat kursusmateriaal, 2 middagetes en 3 dae se verversings insluit). Betaling geskied per module, maar kan ook per jaar (dws R 2 625-00) of vir die hele kursus vooruit (dws R 7 875-00) betaal word.

Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (dws 60 punte per jaar).

Die eerste jaargroep het in 2014 met die eerste drie modules begin en het in 2016 die laaste modules afgehandel. Die tweede jaargroep het in 2015 begin met die eerste drie modules en het vanjaar die laaste modules afgehandel. Die derde jaargroep het vanjaar begin en het reeds die eerste drie modules afgehandel.

Ons is besig om 'n vierde groep predikante saam te stel wat in 2018 met die eerste 3 modules sal begin.

Die voorlopige datums vir die eerste drie modules is:

13-15 Maart 2018	Oor ons konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan
5-7 Junie 2018	Oor gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?
9-11 Oktober 2018	Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie

Indien jy belangstel om deel van die kursus te wees, kan jy vir Rika van Rensburg kontak by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 (08:00 – 13:00) of die aangehegte inskrywingsvorm voltooi en aan stuur na excelsus@up.ac.za.

Inskrywingsvorm

Sertifikaat in Bedieningsvernuwing (SBV)

Module 1	**Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan.**	**13-15 Maart 2018**
Module 2	**Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?**	**5-7 Junie 2018**
Module 3	**Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie.**	**9-11 Oktober 2018**

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Naam en van			
Selfoonnommer			
E-pos			
Huidige gemeente		**Sinode**	

Kursusgangers is self verantwoordelik vir akkommodasie						
Spesiale dieet	**Vegetariër**		**Diabeet**		**Ander**	

Sluitingsdatum: 23 Februarie 2018
Kursusfooi: R875.00 per persoon per module of R2 625,00 per jaar of R 7 875-00 vooruit vir die hele kursus.

Bankbesonderhede	
Begunstigde (Maak tjeks uit aan):	**TSO**
Bank:	**ABSA**
Tak:	**PRETORIA**
Takkode:	**632005**
Rekeningnommer:	**142 0830 463**

Verwysing by direkte inbetalings (Bank of Internet):	**Gebruik asseblief die kursusnommer en u naam as verwysing,** **Bv: SBV4 Naamenvan**
E-pos aan:	**excelsus@up.ac.za**

U inskrywing word geldig wanneer die inskrywingsvorm TESAME met die betalingsbewys ontvang word

Terug

Ethics Symposium on Gender and Sexual Diversity
24 March 2018

Prof BG Lindeque,
Chair: School of Medicine,
Deputy Dean: Faculty of Health Sciences,
cordially invites you to the Ethics Workshop

Date	24 March 2018
Time	07:00 to 13:00
Venue	Lecture hall 4-27, HW Snyman Building, Faculty of Health Sciences, Dr Savage Road, Gezina, Pretoria.
Parking	Gate 5 (See attached map)

Registration

1. **Registration form**
   - To be completed and returned **together** with the proof of payment of R350.00 and sent back to **ethics-healthsciences@up.ac.za** contact person: Ms Judy Hassett.
   - **Please note that due to limited space. Pre-registration and payment is essential.**
   - Registration closes on **Tuesday, 20 March 2018 at 12h00**.
   - Responsibility remains with the attendee to ensure that your registration and payment have been received.
   - No late registration forms will be accepted.
   - A Certificate for **5 ethics points** will be awarded to attendees of the full meeting.

2. **Banking details:**
   - University of Pretoria, ABSA, Branch code: 632005, Account number: 214-000-0038.
   - Unfortunately **no** registrations will be accepted until proof of payment is received.
   - IMPORTANT: Pease note that the reference for payments should be reference number: **AOV45903545 TOGETHER** with your surname with initials.
     (For example: AOV 45903545 SmithA in order to allocate the funds to the correct cost centre and attendee's surname and initials.)
   - **A hard copy of the proof of payment is required on the day of the Workshop**

Ethics Workshop Registration Form:
24 March 2018

If you are interested in attending the above workshop please e-mail this form **TOGETHER** with your proof of payment of **R350.00** to ethics-healthsciences@up.ac.za latest **Tuesday, 20 March 2018**.

- Please note that no registrations will be accepted without accompanying the proof of payment.
- *Every individual must please complete his/her own Registration Form.*
- If completed by hand, please PRINT CLEARLY in black.

SURNAME:	
INITIALS:	
PROFESSION:	
WANT CPD POINTS: (Y/N)	
HPCSA NUMBER (IF APPLICABLE):	
ID NUMBER: *(Compulsory)*	
DEPARTMENT / INSTITUTION:	
E-MAIL ADDRESS:	
CELL NUMBER:	

_____

Signature

Programme

Registration: 07:00 - 8:00

Lecture hall 4-27, HW Snyman Building, Faculty of Health Sciences

Chairperson / MC: Prof Michael Pepper

There is great deal of interest in this topic at present. It is highly newsworthy and occupies much of current news around the world. The link to bioethics includes beneficence, non-maleficence, distributive justice, and aspects of patient autonomy. Finally, our constitution is clear on what is required to avoid discrimination and stigmatization with regard to gender and sexual diversity.

Time	Activity	Speaker
07:55	Opening and introduction	Prof MS Pepper
08:05	Insect sex: a window into the diversity of sex determination mechanisms in The Animal kingdom	Dr B Jardim
08:25	Discussion	
08:35	Gender and sexual diversity	Prof MS Pepper

08:55	Discussion	
09:05	Nonmedicalisation of gender groups	Dr G Grobler
09:30	Discussion	
09:40	South African Psychology can and should provide leadership in understanding of sexual and gender diversity on the African continent.	Prof JA Nel
10:00	Discussion	
10:10	Tea/Coffee	
10:50	Gender diversity and religion	Prof B Pityana
11:10	Discussion	
11:20	Transgenderism	Prof BG Lindeque
11:45	Discussion	
11:55	Disorders of sexual differentiation at birth	Dr E Moshokoa
12:15	Discussion	
12:25	Do you know who I am? (Mis)recognition and shame in the sexual state.	Mrs M Crewe
12:45	Discussion	
12:55	Closure	Prof MS Pepper

Terug